

Groei in die nuwe jaar

DEUR RIEKERT EN PIPPA BOTHA

An die begin van 'n nuwe jaar sien almal reikhalsend uit na iets wat beter sal wees as dit wat wás. Die moontlikheid van nuwe avonture en 'n rooskleurige toekoms kan selfs jou oë opnuut laat blink. En dit is vertroostend vir diegene wat skaars die vorige jaar oorleef het. Wat uitgebrand en uitgemergel is.

Wat sielsverdroog smag na lafenis – na gees en na liggaam.

Het jy al agtergekom dat lafenis dikwels in ongemaklike omgewings skuil? Dat die water wat jy soek, onder 'n vrug sand en klippe verskuil lê? Dat jy sal moet grawe om daarby uit te kom?

Ja, die nodige voorsiening is beskikbaar, maar nie sonder swoeg en sweet nie. Die proses is uitputtend. Dit weet ons almal.

Maar ... die uiteinde regverdig die opoffering. Die kritiese vraag is: Hoe sterk is jou verlange na die eindpunt?

In 2015 kan ons inderdaad 'n klompie krisisse te wagte wees. Die lewe word nie makliker nie. Die uitdagings word feller. Die aanslae heftiger.

Hoe kan ons te werk gaan om die lafenis te verkry? Hier is 'n paar kreatiewe moontlikhede:

Trek jou krisis nader. Ons is gewoon daaraan om krisisse van ons af weg te stoot. Ons ignoreer dit – en hoop dat dit metertyd sal weggaan. Ons ontken, verdoesel en steek

weg. Maar in dié proses verleng ons bloot ons eie smart.

Krisisse kom oor ons pad – ons kies dit nie. Maar dit kan daartoe lei dat ons nader aan Jesus getrek word. Deur 'n krisis reg te hanteer, leer jy meer oor jousef en meer oor Jesus se reddende krag. 'n Krisis verloor sy krag wanneer Jesus se lig daarop skyn.

Krisisse is myns insiens die gevolg van sonde – sonde bring altyd wonde. Sonde lyk aantreklik, totdat die mag daarvan jou van alle heerlijkheid, vrede en vreugde stroop.

Daarom moet die Here se kinders so vernig as wat hulle kan met hulle sonde na Hom toe hardloop. Moenie sonde vertroetel nie. Erken en bely dit. Kry hulp – en vertrou God vir 'n wonderwerk.

Wees eerlik met jousef. 'n Belangrike deel van hierdie proses is om bewus te wees van dit wat in jou hart aangaan. Ons hart kan ons só maklik bedrieg ...

Daarom is dit nodig dat Jesus ons hart belig. Jy hoef nie bekommerd te wees dat Hy jou hart met kritiek of oordeel sal breek nie; dit is nie hoe Hy te werk gaan nie. Vertrou Hom met jou hart se geheime. Hy sal dit wat verkeerd is, aan jou uitwys. Neem dit ter harte; dit sal jou baie pyn spaar.

Jou huwelik in 2015

• **Lees die Bybel – in hierdie geval Jeremia 17:5-10.**

Jou huweliksmaat is jou grootste bewonderaar – dit is immers die een wat jou uitgekies het. Julle is mekaar s'n. Julle ken mekaar beter as wat enigeen julle ken.

• **Beskerm mekaar deur mekaar deurentyd op Jesus te rig.**

As jou woorde en optrede nie soos Jesus s'n is nie, bely dit teenoor mekaar en teenoor Hom. Gaan die nuwe jaar saam op sy spore binne. Só groei julle saam in nederigheid, liefde en heerlijkheid.

• **Bid vir mekaar en vir julle huwelik.**

Bid vir beskerming teen die bose. Bid vir 'n oop hart, 'n sterk wil.

• **Wees gehoorsaam.**

• **Wys mekaar hoe goed die Here is. 123**



Die bekende *Pleisters vir die siel*-predikant, Riekert Botha, en sy vrou, Pippa, skryf vir paartjies oor hulle verhouding met mekaar en met God.